Verwysing 20170113-7260
12/2/13/5
Navrae: Distriksdirekteure

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0004/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure; Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies; Kringbestuurders; Bestuurder: Strategiese Inligting-, Beheer- en Mensbestuur (SIBMB); Adjunk-hoofonderwyskundiges; Vakadviseurs en Prinsipale van hoërskole

Onderwerp: Aflewering van *Wenke vir Sukses*-boekies aan die 2017 Nasionale Senior Sertifikaat-kandidate

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het 'n *Wenke vir Sukses*-boekie vir elk van die Wes-Kaap se 2017 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-kandidate saamgestel om hulle met hul eksamenvoorbereiding te help. Die boekie bevat studiewenke, eksamenwenke, beursinligting, wenke vir sukses en ander nuttige inligting.

2. Die boekie moet in Januarie 2017 aan elke graad 12-kandidaat gegee word.

3. Bo en behalwe die boekies vir die kandidate, sal bykomende boekies **vir alle graad 12-onderwysers** by elke skool ingesluit word. Distriksamptenare sal die boekies teen 25 Januarie 2017 by alle gewone openbare hoërskole aflewer.

4. Kontak asseblief u distrikskantoor indien die getal boekies wat by die skool afgelewer word, verkeerd is. Oortollige boekies moet aan die distrikskantoor terugbesorg word.

5. Ten einde te verseker dat hierdie boekies die verlangde effek het om kandidate met hulle eksamenvoorbereiding te help, **word daar aanbeveel dat onderwysers die inhoud van die boekie met hul graad 12-klasse** bespreek en kandidate aanmoedig om dit te lees.

6. Toegang tot vorige NSS-eksamenvraestelle en nasienmemorandums kan by http://wced.school.za verkry word.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeellede.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-01-18